# JOHN VORSTER SE INTERNERING: REDES EN VERWEER

**H O Terblanche**
*Universiteit van Port Elizabeth*

Nadat mnr. John Vorster, gewese Eerste Minister en oud-Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika, op 23 September 1942 in Port Elizabeth gearresteer is, is hy vir byna drie maande, 83 dae om presies te wees, in polisieselle in Port Elizabeth aangehou, sonder dat hy ooit aangekla of verhoor is. Op 15 Desember 1942 is hy per trein na die Koffiefonteinse interneringskamp geneem. Hy het byna een jaar en twee maande, 17 Desember 1942 tot 11 Februarie 1944, in hierdie kamp deurgebring.[1]

Wanneer mnr. Vorster se aanhouding en internering gedurende die Tweede Wêreldoorlog die onderwerp van bespreking vorm, is dit in die eerste plek belangrik om op sy besondere leiershoedanighede te wys. Tydens sy verblyf van drie jaar en twee maande in Port Elizabeth (Oktober 1939 – Desember 1942), het hy getoon dat hy 'n gebore leier was. Hy was 'n leier onder sy mense – *één* met hulle – en het hom ten volle met hul behoeftes en begeertes vereenselwig. Geen wonder dat hy 'n dinamiese leiersrol in die Afrikaanse stadsgemeenskap gespeel het nie.

Mnr. Vorster het op 2 Oktober 1939 as professionele assistent by 'n prokureursfirma in diens getree. Hy het vinnig opgang gemaak en later het hy 'n vennoot in hierdie groot prokureursaak (Olckers en Vorster) geword. Hy het uitgemunt wat hofwerk betref. Gedurende die spanningsvolle oorlogsjare moes hy 'n hele paar van sy Ossewa-Brandwag (O.B.)-kollegas en ander anti-oorloggesindes, wat kragtens die noodregulasies aangekla was, in die hof verdedig. Sodoende het hy dwarsdeur Oos-Kaapland bekendheid verwerf.

Port Elizabeth was destyds nog in alle opsigte en op alle terreine 'n Engels-georiënteerde stad.[2] Daar is op die Afrikaanse taal neergesien en teen die Afrikaners is gediskrimineer. Afrikaners het 'n stryd om volle gelykberegtiging gevoer. Die Baai was in velerlei opsigte anti-Afrikaans. John Vorster sou na vore tree as 'n vurige kampvegter vir die Afrikanersaak in Port Elizabeth. Hy sou hom op daadwerklike wyse beywer vir die Afrikaner se plek in die son.

As leiersfiguur wat hy die stads-Afrikaner se woordvoerder op vele terreine. Op sport-, politieke en kultuurgebied het hy leiding geneem. So het hy byvoorbeeld gedien as voorsitter van die Kultuurvereniging. Hy is gekies as president van die Vierkleur-jukskeiklub en was een van die Oostelike Provinsie se afgevaardigdes by die eerste Uniale Jukskei-kongres in Bloemfontein.


Hy het gou sy merk in die Herenigde Nasionale Party gemaak en is tot voorsitter van die H.N.P. se distriksbestuur in die kiesafdeling P.E.-Noord verkies. In 1941 is mnr. Vorster ook genomineer as H.N.P.-kandidaat vir 'n parlementêre tussenverkiesing in die kiesafdeling King William's Town.[3] Hy het hom egter net voor die amptelike nominasie as kandidaat onttrek as gevolg van die breuk tussen die Party en die Ossewa-Brandwag.

---

1. H.O. Terblanche, John Vorster: *O.B.-Generaal en Afrikanervegter* (Roodepoort, 1983), pp. 148, 169.
2. Terblanche, *op. cit.*, pp. 23–27.
3. Terblanche, *op. cit.*, pp. 37–39.



*Twee seldsame foto's van mnr. B J Vorster as Hoofgeneraal van die O.B. in Oos-Kaapland gedurende 1940—42. Op die boonste foto verskyn hy agter die mikrofoon agter op die bak van 'n vragmotor met, heel links, mnr. Willem Delport, latere Springbok-rugbyspeler en L. V. en 'n ander ongeïdentifiseerde persoon. Die onderste foto is van dieselfde drie persone by dieselfde geleentheid geneem.* (Mev. Tini Vorster)



Mnr. Vorster het hom ook sterk beywer vir die belange van die Afrikanersportman, veral op rugbygebied. Hy het sy groot bydrae veral gelewer as ampsdraer van die Park-rugbyklub. Gedurende 1941 en 1942 was hy nie alleen die voorsitter van komitees nie, maar ook verteenwoordiger op die O.P. Rugby-unie en dus een van die afgevaardigdes na die jaarvergadering van dié unie. As sodanig was hy intiem betrokke by die groot woelinge op rugbygebied in die stad gedurende die oorlogsjare. John Vorster het as woordvoerder van die Afrikanerspeler in die brandpunt gestaan.

Die O.P. Rugby-unie het naamlik in Junie 1940 besluit om alle bekerwedstryde op te skort en 'n reeks vriendskaplike wedstryde in te stel. Slegs lede van die weermag (die sogenaamde soldate-spelers) mog daaraan deelneem. Die anti-oorloggesinde Afrikaanse spelers (na wie later as die Boere-rugbyspelers verwys is) was dus van verdere rugby uitgesluit. John Vorster het in die voorste linies geveg om hierdie besluit ongedaan te maak. Hy sou geen inmenging van politiek in sport duld nie en daarom het hy sterk in die bresse getree vir die Afrikanerspelers, wat rugby wou speel ter wille van die spel.

As jong rugby-administrateur het hy nie gehuiwer om die destydse invloedryke Engelse rugby-hierargie die stryd aan te sê nie. Die feit dat mnr. Vorster die stryd teen die Engels-georiënteerde bestuur van die O.P. Rugby-unie aangeknoop het, kan ook in verband gebring word met sy latere aanhouding. Hy het hom hieroor in 'n onderhoud soos volg uitgelaat: "Dit was een van die dinge wat tot my internering aanleiding gegee het, glo ek vandag nog — die botsing wat ons daar op die rugbyfront gehad het."[4]

Mnr. Vorster se internering kan, soos uit latere getuienis blyk, direk in verband gebring word met sy posisie as hoofgeneraal van die O.B. in Oos-Kaapland. Sy aanstellingsertifikaat dra die datum 1 Augustus 1940. Hy was toe maar slegs 24 jaar oud — in daardie stadium dus waarskynlik die jongste O.B.-hoofgeneraal. Hy was veral gemoeid met die opbou en uitbreiding van die O.B. in sy streek.

Genl. Vorster het met oorgawe, ywer en entoesiasme aan die werk gespring om die organisasie in Gebied B, Oos-Kaapland, uit te brei. Die gevolg was dat die O.B. met rasse skrede vooruitgegaan het en dat die organisasie op 'n vaste grondslag geplaas is. John Vorster was die siel van die O.B. in die Oos-Kaap. Onder sy hoofgeneraalskap het die beweging 'n bloeitydperk binnegegaan. Mnr. Vorster getuig self dat "binne 'n ommesientjie se tyd het O.B.-takke soos paddastoele in die hele Oos-Kaapland opgeskiet."[5] Koerantberigte van daardie tyd bevestig hierdie stelling. Dit was ook een van die bes georganiseerde O.B.-gebiede in die land.

As Afrikanervegter by uitnemendheid was mnr. Vorster geliefd en hoog geag, nie net in Port Elizabeth nie, maar dwarsdeur die Oos-Kaap. Daarby was hy 'n gewilde en gesogte spreker wat die gawe gehad het om mense te besiel. Die boodskappe wat hy gebring het, het besondere trefkrag gehad.

Vanweë die groot invloed wat van hom uitgegaan het, moes hy dus 'n doring in die vlees van die Smutsregering gewees het. Dit was dus te verwagte dat die owerheid die een of ander tyd sou poog om hom as 'n beïnvloedingsfaktor uit te skakel en so van sy eie mense af te sonder.

Mnr. Vorster is op 23 September 1942 kragtens die oorlogstydse noodmaatreëls gearresteer. Daardie oggend het die telefoon in sy prokureurskantoor in die Harmonie-gebou gelui. Dit was die plaaslike speurdiens. Hy is versoek om net gou 'n

4. Persoonlike onderhoud met skrywer, 13 September 1980.
5. *Ibid.*

draai by die polisiekantoor, oorkant die straat in die Nuwe Geregshofgebou, te kom maak. Hy het gegaan en nie weer na sy prokureurskantoor teruggekeer nie. John Vorster is naamlik meegedeel dat hy in arres verkeer. As hoofgeneraal van die O.B. het mnr. Vorster so 'n halwe vermoede gehad dat die regering teen hom sou optree. Toe hy gearresteer is, was hy dus geensins uit die veld geslaan nie.

Die amptelike redes vir sy internering, onderteken deur die Hoofbestuursbeampte, is eers op 6 Januarie 1943 in die interneringskamp op Koffiefontein aan hom verstrek — drie en 'n half maande ná sy arrestasie. Hierdie dokument is getitel "Redes vir die internering van Balthazar Johannes Vorster (hierna 'die geïnterneerde' genoem)".[6] Die redes is in vyf punte uiteengesit.

Punt een lui soos volg: "Die owerheid beskik oor informasie dat die geïnterneerde hom vereenselwig het met en die bedrywighede bevorder het van 'n afdeling van die Ossewa-Brandwag bekend as die Stormjaers; 'n beweging op militêre lees geskoei en die lede waarvan onder streng militêre dissipline staan met die doel om deur middel van 'n staatsgreep of, indien nodig, 'n gewapende opstand ter gelegener tyd aan bewind van sake te kom en onderwyl aktief optree om alles in hul vermoë te doen om die regering se oorlogspoging te saboteer."

John Vorster se appèl, waarin hy geantwoord het op die redes vir sy internering, is gedateer 4 Februarie 1943 en is in die Koffiefontein-kamp opgestel.[7] Hy het soos volg op die eerste aanklag geantwoord:

"In par. 1 word eerstens verklaar dat ek my vereenselwig het met die Stormjaerbeweging, maar die bron waaruit die owerheid sy informasie put word nie aangehaal nie en gevolglik verkeer ek heeltemal in die duister wat dit betref. Maar aangesien ek my nooit te enige tyd skuldig gemaak het aan die Stormjaer bedrywighede (nie), vermoed ek dat dit voortspruit uit 'n vraag wat aan my gestel is deur luit. Diedericks tydens my aanhouding, nl. wat my houding ten opsigte van sabotasie is. My antwoord aan hom was, en ek wens dit hier te herhaal, dat ek as 'n persoon wat, beide in my hoedanigheid as regsgeleerde en as offisier van die O.B., daagliks onder die bevolking van Suid-Afrika beweeg, baie goed kan verstaan waarom sabotasie in S.A. gepleeg word en wel vanweë die viktimisasie en intimidasie gemik teen Afrikaners deur regeringsondersteuners in ons vaderland.

"Ek het ook aan hom gesê, en ek herhaal dit hier met die grootste beslistheid, dat die Afrikaner wat vandag onder die noodregulasies arresteer word, ontneem word van die elementêre regte wat selfs 'n kaffer misdadiger onder die gewone wette in hierdie land het. As u met my op daardie punt saamstem en die bewyse sal ek u andermaal aanvoer, sal u ook begryp waarom dat mense hul toevlug tot wanhoopsdade soos sabotasie neem. As offisier van die O.B. het ek trouens dikwels in die openbaar gewaarsku teen geweld, maar terselfdertyd ook die owerhede gewaarsku dat waar die Afrikanervolk 'n sterk aangebore respek vir die gereg, wet en orde het, daar nie aan daardie elementêre regte van die Afrikaner, trouens van enige mens, getorring moet word nie. Word dit wel gedoen, was my standpunt altyd en is dit vandag nog, sal niemand in staat wees om die magte te keten wat daardeur ontketen word nie.

"Dat dit waar is, het ek baie dikwels in die praktyk ondervind en baie dikwels was dit (vir my) nodig om mense te kalmeer, soos luit. Wessels e.a. kan getuig. Beide as regsgeleerde en as offisier van die O.B., het genoemde here my altyd bereid gevind om my te skaar aan die kant van wet en orde, en dit het luit. Wessels dan ook bevestig in

6. Fotostatiese kopie in besit van skrywer.
7. *Ibid.*

die teenwoordigheid van luit. Diedericks.

"Ten tweede word die bewering gemaak dat die Stormjaers (S.J.'s) 'n onderafdeling van die O.B. vorm en dat hy sekere doelstellings daarop nahou. Oor die doelstellings van die S.J.'s kan ek my nie uitspreek nie, want ek dra daar geen persoonlike kennis van nie afgesien wat ek van tyd tot tyd in die pers gelees het. Maar ek wil tog onder u aandag bring dat geen hof tot dusver, sover my kennis strek, bevind het dat dit wel die doelstellings van die S.J.'s is soos in hierdie paragraaf deur die owerheid beweer.

"Maar wat ook al die posisie mag wees, is ek volkome by magte om die bewering, wat al ad nauseam deur die owerheid herhaal is, nl. dat die S.J.'s 'n onderafdeling van die O.B. vorm, te ontken. Ek wil u graag daarop wys dat daar nog nooit enige bewyse vir die bewering aangevoer is nie, trouens waar die bewering bv. in departementele ondersoeke gemaak is, is dit reeds herhaalde kere gevind dat die S.J.'s nie 'n onderafdeling van die O.B. vorm nie. Trouens, in Kaapland waar ek 'n offisier van die O.B. was, bestaan daar na die beste van my wete geen organisasie van die S.J.'s nie."[8]

Punt twee van die amptelike redes lui soos volg: "Informasie dui ook aan dat die geïnterneerde uiters anti-Brits en sterk gekant is teen die huidige regering en sy oorlogsbeleid, waarvan hy geen geheim gemaak het nie. Hy het ook in die openbaar ondermynende propaganda ... versprei met die doel om die regering se oorlogspoging te strem."[9]

In sy appèl het John Vorster soos volg op hierdie aanklag geantwoord:
"In par. 2 word eerstens beweer dat ek uiters anti-Brits is. Ek weet nie presies wat daarmee bedoel word nie, maar as dit bedoel word dat ek doelbewus teen die Britse 'Empire'-gedagte gekant is, dan is dit volkome juis, want van oortuiging en beginsel is ek nog altyd republikein. Tweedens word beweer dat ek sterk gekant is teen die huidige regering en sy oorlogsbeleid, en dat ek daar geen geheim van gemaak het nie. Ek wil geredelik erken dat ek geen ondersteuner van die huidige regering is nie en dat ek in beginsel gekant is teen die oorlogsbeleid, en ek wil ook geredelik erken dat almal wat my geken het deeglik bewus van my standpunt was.

"Maar meneer, ek kan my nie versin dat dit 'n rede is om iemand te interneer nie. Die outoriteite sal seker tog nie wil hê dat ek hiervan moet aflei dat die interneringskampe 'n plek is waar andersdenkendes en politieke teenstanders geplaas word om hulle uit die weg te ruim nie. As dit die owerheid se standpunt is dan is daar duisende ander republikeine in S.A. wat ewenwel vir dieselfde redes kan geïnterneer word.

"Derdens kom ons by die aangehaalde 'ondermynende propaganda' wat beweer word deur my gemaak is, en wys ek in die verbygaan daarop dat dit nie gesê word waar, aan wie en onder watter omstandighede ek die beweringe sou gemaak het, maar wil ek aanneem dat dit sinsnedes is wat baie sleg afgeneem is en uit verband geruk is uit toesprake wat ek van tyd tot tyd gemaak het. Ek weet ook nie of die owerheid die woord 'ondermynend' hier in dieselfde betekenis gebruik as in die noodregulasies nie, maar as dit wel die geval is en dit bo alle twyfel verhef is dat ek wel die woorde gebesig het, dan was die aangewese weg tog dat ek voor die hof gedaag moes word en my self daar te verantwoord. Dit egter was nooit gedoen nie."[10]

Punt twee van die klagstaat teen mnr. Vorster het hom beskuldig dat hy "onder-

8. Appèl van B.J. Vorster, 4 Februarie 1943.
9. Redes vir die internering van B.J. Vorster, 30 Desember 1942.
10. Appèl van B.J. Vorster, 4 Februarie 1943.

mynende propaganda" versprei het. 'n Paar sinsnedes wat hy sou gebesig het, is aangehaal om as voorbeelde te dien. Die volgende is o.m. aan hom toegedig: "Julle grootste vyand is genl. Smuts en sy kakie trawante ... Julle moet beloof om nie kakieridders te word of vir genl. Smuts rooilussies in die Noorde te dra nie."[11]

Mnr. Vorster het hierdie sinsnede in sy appèl behandel: "Ek kan my nie voorstel dat ek sulke woorde ... gebesig het nie. Dit is beslis baie lomp gestel. Ek wil egter aanneem dat ek verskeie male mense gemaan het om nie ondersteuners van genl. Smuts se party te wees nie — dit word van dag tot dag van openbare platforms deur teenstanders van genl. Smuts se party gedoen. Vir die kakieridders het ek nog nooit iets anders as veragting gekoester nie en as ek nou daaroor in die kamp moet sit, dan kan ek daar niks aan doen nie. Dit sal egter nie my verlore respek vir daardie tipe mens laat terugwen nie.

"Die bewering as sou ek mense gemaan het om nie na die Noorde te gaan nie, is van alle waarheid ontbloot. Trouens, die veragting wat ek gekoester het vir kakieridders was juis omdat hulle so vurig op 'n veilige afstand vir die oorlog agiteer en Afrikaners vervolg, maar dit nie waag om hulle oortuiginge met hulle bloed in die Noorde te gaan verseël as dit nodig mag wees nie. Reg of verkeerd beskou ek myself ook as 'n soldaat, hoewel nie van die 'Empire'-gedagte nie maar wel van die republikeinse gedagte, en my standpunt was altyd en ek het dit in die openbaar so gestel, dat hoewel ek in beginsel teen hierdie oorlog gekant is, het ek as soldaat niks anders as respek vir 'n ander soldaat, al veg hy ook vir 'n idee waarteen ek gekant is. Maar dan moet hy inderdaad homself na die slagveld begewe en nie net slegs grootpraat op 'n veilige afstand nie. Vandaar dus my respek vir die soldate in die Noorde en my verafskuwing vir die kakieridders en sogenaamde 'Keymen' tuis.

"As ek ten gunste van die oorlog was, sou ek beslis nie gerus het voordat ek na die Noorde gegaan het nie. Ek sou my selfrespek verloor het as ek op die tuisfront, as jong man, moes skuil agter die bloed van ander mense. Ek het dikwels gesê dat ek my skaam vir die soort van jong manne wat oorloop van oorlogsgeesdrif, maar nie die moed het om na die slagvelde te gaan nie. Rekruteringsagente moes al dikwels soortgelyke en selfs sterker uitdrukkinge gebruik om hierdie soort mense te probeer beweeg om te gaan."[12]

Die klagstaat het ook die volgende sinsnede aan mnr. Vorster toegedig:
"Die Afrikaners was in die verlede doodgeskiet om in die 'Empire' te kom; vandag word hulle doodgeskiet om in die 'Empire' te bly. Smuts veg vir demokrasie, maar hy kan die ding vir hom present vat."[13]

Mnr. Vorster het ook hierdie sinsnede in sy appèl behandel: "Die eerste bewering ... erken ek en ek onthou dit goed vanweë die alliterasie daarin vervat, en die juiste woorde lui as volg: 'Veertig jaar gelede was ons Afrikaners doodgeskiet om ons binne die 'Empire' te kry; vandag verwag hulle ons moet doodgeskiet word om binne die 'Empire' te bly.' Die eerste gedeelte van hierdie sinsnede is 'n historiese feit waaroor ek niks hoef te sê nie, en die tweede dui op die direkte, morele of ekonomiese dwang wat daar van tyd tot tyd uitgeoefen word op Afrikaners, wat in beginsel teen die oorlog gekant is, om hulle te probeer beweeg om aan te sluit. Gesien in die lig van my standpunt soos vroeër uiteengesit, hoef ek verder niks hieroor te sê nie.

"Wat die tweede gedeelte van hierdie paragraaf betref, nl. dat ek sou gesê het: 'Smuts veg vir die demokrasie, maar hy kan die ding vir hom present vat', kan ek my

11. Redes vir die internering van B.J. Vorster, 30 Desember 1942.
12. Appèl van B.J. Vorster, 4 Februarie 1943.
13. Redes vir die internering van B.J. Vorster, 30 Desember 1942.

nie herinner dat ek sulke presiese woorde gebesig het nie, maar ek is gewillig dat dit op my rekening geplaas word, slegs met die verskil dat ek nie van Smuts sal praat nie maar wel van veldmaarskalk Smuts. As dit die demokrasie is wat vandag vaardig is oor ons land, en ek moet dit aanneem want verskeie ministers en hooggeplaastes het reeds verklaar dat ons daarvoor veg, dan erken ek geredelik dat ek nie 'n demokraat is nie en nie daarvoor sal veg nie.

"Waar ek in die begin gesê het dat ek later na my eie geval sal verwys, kom ek dan graag ook nou daarby na aanleiding van wat ek vroeër beweer het. (Mnr. Vorster gee vervolgens heelwat besonderhede van die swak toestande waaronder hy as politieke gevangene in die polisieselle in Port Elizabeth aangehou is.) Ander mense het soortgelyke en nog erger ondervindings moes verduur en dit in die naam van die demokrasie. 'n Openlike vyand dwing by my altyd respek af, maar nie 'n persoon of stelsel wat een beginsel bely en dan konsekwent dade pleeg wat getuig van presies 'n teenoorgestelde beginsel — waarvoor ek gevolglik niks as die diepste veragting koester nie. Dit was my ondervinding van die sogenaamde demokrasie binne sowel as buite die tronk, en is ek beslis nie 'n voorstander van die huidige demokrasie nie."[14]

Punte drie en vier van die klagstaat staan in verband met "'n bende", wat mnr. Vorster "daadwerklik behulpsaam was, hoewel hy geweet het dat hulle vlugtelinge van die gereg was". In sy appèl het mnr. Vorster dit baie duidelik gestel dat hierdie bewerings nie steek hou nie.

Punt vyf van die amptelike klagstaat het soos volg gelui: "Onder die omstandighede was die geïnterneerde as 'n gevaar vir die staat beskou en dit was raadsaam geag om hom veiligheidshalwe te interneer."[15]

In sy appèl het mnr. Vorster hierop as volg gereageer: "In par. 5 word dan ten slotte beweer dat ek geïnterneer word omdat ek 'n gevaar vir die staat is, en dit wens ek beslis te ontken. S.A. is my enigste vaderland, vir welke vaderland ek bereid is om alles op te offer. Ek is wel nie 'n ondersteuner van die huidige regering nie, en as dit die beleid is van die regering van die dag om teenstanders te interneer om sodoende in die naam van demokrasie, teenstanders af te skrik en te viktimiseer, dan kan ek natuurlik niks anders doen as verlief neem met my internering. Is dit egter nie die beleid van die regering nie, dan sal u met my saamstem is ek geregverdig om my loslating so spoedig moontlik te verwag.

"Ten slotte, meneer, het ek my appèl opgestel in dieselfde gees as wat ek my saak in enige hof sou stel, nl. met beslistheid dog met die nodige respek vir die regbank wat daargestel is om reg en geregtigheid te handhaaf, en ek wag dus met spanning op u beslissing."[16]

Wat mnr. Vorster se appèl betref, is daar enkele aspekte wat verdere toeligting verdien. In 'n dokumentêre T.V.-reeks wat na sy dood uitgesaai is, het hy hom soos volg oor die hele kwessie van geweld uitgelaat: "Die O.B. as sodanig het nooit geweld gepleeg nie — u verwar dit met die Stormjaers wat in 'n mate in geweld betrokke was ... Maar die O.B. as sodanig was nooit daarvan beskuldig nie, was nooit daaraan skuldig bevind nie en het in der waarheid met geweld niks te make gehad nie. Wat die O.B. betref, was dit 'n kultuurorganisasie met 'n sterk politieke republikeinse inslag."[17]

14. Appèl van B.J. Vorster, 4 Februarie 1943.
15. Redes vir die internering van B.J. Vorster, 30 Desember 1942.
16. Appèl van B.J. Vorster, 4 Februarie 1943.
17. *S.A.U.K.-T.V.-reeks: B.J. Vorster*, episode 1, 17 Januarie 1984.

Die O.B. en die Stormjaers was inderdaad twee aparte organisasies. Die Stormjaers (S.J.'s) het selfstandig gefunksioneer met 'n eie organisatoriese struktuur. Dit was 'n uiters militante organisasie, beperk tot die noordelike provinsies en met sy hoofbasis in Transvaal. Ten einde die Smutsregering se oorlogspoging te dwarsboom, het die S.J.'s dikwels die landswette oortree, hul skuldig gemaak aan geweld en dade van sabotasie gepleeg.

Dit is egter belangrik om daarop te wys dat daar in Kaapland geen afdeling van die Stormjaers bestaan het nie. Die amptelike orgaan van die O.B., *Die O.B.*, het op 10 Junie 1942 gemeld: "In Kaapland is geen sodanige organisasie (S.J.'s) deur die O.B. gestig nie, en bestaan so iets tewens ook nie." Volgens mnr. Vorster was daar gedurende die oorlogsjare geen geweld in die Kaapprovinsie nie, omdat mnr. J.A. Smith, die destydse assistent-kommandant-generaal van Kaapland, sterk daarteen gekant was. As 'n kultureel-politieke organisasie (anders as wat die geval was met die S.J.'s) was die O.B. in Kaapland glad nie by geweld betrokke nie. Mnr. Vorster self het die gebruik van geweld sterk afgekeur.

In onderhoude met skrywer het mnr. Vorster verduidelik dat Kaapland sy eie O.B. met sy eie siening gehad het. So was mnr. J.A. Smith byvoorbeeld anti-S.J.'s en hy wou niks daarmee te doen gehad het nie. Hy het gevolglik nie toegelaat dat daar 'n Stormjaerbeweging in Kaapland ontwikkel nie. Daarom het dit wat in Transvaal met die S.J.'s gebeur het, nie in Kaapland gebeur nie. 'n Faktor wat in dié verband 'n rol gespeel het, was die federale struktuur van die O.B. Die provinsiale afdelings van die O.B. het 'n groot mate van onafhanklikheid besit. In die Grootraad is die provinsiale afdelings saamgesnoer. So was mnr. Vorster bv. op die Kaaplandse Hoofraad, maar hy het nooit in die Grootraad gedien nie.[18]

In dieselfde onderhoud het mnr. Vorster sy standpunt oor die gebruik van geweld soos volg uiteengesit:

> "Ek het dit pertinent gestel in die antwoord op my redes van internering. Ek het gesê dat terwyl ek geweld nie goedkeur nie, moet ek ook baie eerlik sê ek kan verstaan hoekom dat mense sulke dade gepleeg het, omdat die owerheid hulle onder sodanige druk geplaas het dat mense dié dade gepleeg het. En dat die owerheid eintlik die verantwoordelikheid moet dra dat jong mense so opgetree het. Dit het ek baie duidelik in my redes van internering gestel. Ek was nie ten gunste van geweld nie, maar ek het verstaan hoekom mense geweld gepleeg het. En ek kon verstaan dat mense tot geweld oorgegaan het as gevolg van die handelwyse van die owerheid van destyds. Jy hou uit solank as jy kan en dan ontplof jy."[19]

Het mnr. Vorster ooit daaraan gedink om hom los te maak van die O.B. as gevolg van die geweld van die Stormjaers? "Nee, omdat die O.B. en die S.J.'s was twee verskillende organisasies. Die O.B. was die kultureel-politieke organisasie; die S.J.'s was 'n ander organisasie en in elk geval 'n Transvaalse organisasie en nie 'n Kaaplandse een nie. Nie dat ek hulle veroordeel het of my gedisassosieer het van hulle nie. Van die mense is vandag nog my vriende. Ons was saam in die interneringskamp en daar was nie vyandskap tussen ons nie. Maar dit het net so gebeur dat die S.J.'s nooit in Kaapland posgevat het nie."[20]

By 'n ontleding van mnr. Vorster se appèl val sy sterk republikeinse oortuigings op. In die reeds vermelde T.V.-reeks oor sy lewe het mnr. Vorster hom soos volg hieroor uitgelaat: "Ons jongmense se stryd het wesenlik gegaan oor die republiek. Ons

18. Persoonlike onderhoud met skrywer, 7 November 1981.
19. *Ibid.*
20. *Ibid.*

het gelewe vir die dag wat die republiek sou kom. En daarom was dit vir ons 'n besondere dag toe dr. Verwoerd aangekondig het dat hy 'n referendum gaan hou ... en toe die uitslag uiteindelik gekom het ... was dit nie net een van die grootste dae in jou lewe nie, maar dit was die vervulling van 'n ideaal — 'n lewenslange ideaal."[21]

Gevra oor die verwagtinge wat hy gekoester het met sy aansluiting by die O.B., het mnr. Vorster geantwoord: "Die verwagting wat ons gekoester het, was die koms van die republiek. Ons het in die O.B. 'n verenigende faktor gesien, 'n faktor om die Afrikaner te verenig ... Ons het geglo dat dit gaan vir ons die republiek makliker laat bekom. Ons het geglo dat uit daardie eenheid gaan die republiek voortkom. En sonder die eenheid sou die republiek nie kom nie."[22]

In onderhoude het mnr. Vorster meer uitgebrei oor sy jeugdige republikeinse idealisme: "Ons hele strewe en stryd was net republikeinsgerig. Dit het nie vir ons oor enige ander ding gegaan nie behalwe die omskepping van S.A. in 'n republiek. Dit was allesoorheersend. Ons studentepolitiek ook daardie tyd het gegaan oor die vlag, die volkslied, oor republikeinse onafhanklikheid ..."[23] Daarby het mnr. Vorster gevoeg: "Jy het ook nie eintlik omgegee hoe die republiek kom nie. Jy het jou net vir 'n republiek beywer. Daar was 'n spreekwoord destyds: Stembus of blunderbus, net so lank as wat die republiek kom. Dit was 'n allesoorheersende pro-republikeinse gees wat daar geheers het onder jou mense. Om die Afrikaner vry te maak. Jy het net gevoel dat hierdie bande van verslawing wat jy gedurig gevoel het — die verknegting en die onderdrukking — dat jy 'n einde daaraan moet maak."[24]

Uit sy appèl blyk dit ook dat hy 'n verbete teenstander was van die Britse imperialisme. In onderhoude het mnr. Vorster sy standpunt hieroor soos volg gestel: "Ons het dit teen die kolonialisme en die imperialisme gehad. Nie teen 'n individu of teen 'n bepaalde volk as sodanig nie, behalwe dat Brittanje die enigste vyand was wat ons geken het." Hy het die feit sterk beklemtoon dat "die vyand, wat ons betref, was Brittanje. En die behandeling wat ons, wat nie ten gunste van die oorlog was, gekry het van die oorlogsbewind, het ons natuurlik nie vriendeliker teenoor Brittanje gestem as wat ons normaalweg sou gewees het nie. Inteendeel, die behandeling wat jy gekry het, het jou genoop om nog meer onvriendelik teenoor Brittanje gestem te wees."[25]

Volgens mnr. Vorster is elke mens 'n kind van sy tyd: "En vir ons tyd was dit 'n kwessie gewees dat Brittanje ons vyand is ..." Hy verduidelik: "Ons as jongmense, Afrikaner-jongmense, het destyds die standpunt ingeneem dat internasionaal gesien het Suid-Afrika net één vyand gehad en dit was Brittanje. Geen ander land ter wêreld het ons ooit kwaad gedoen, het ons ooit aangeval nie. Maar ons het nog, soos ons dit gesien het, gebuk gegaan onder die verowering van Brittanje en ons het met alles tot ons beskikking 'n stryd gevoer teen Britse imperialisme." Daarby het mnr. Vorster die feit beklemtoon dat hy nie anti-Engels was nie, maar gekant teen Britse imperialisme.[26]

Voel mnr. Vorster ná 40 jaar dat die owerheidsoptrede teenoor hom geregverdig was?

> "Nee, ek het dit in my appèl baie duidelik gestel dat die owerheid net so goed enige ander Afrikaner kon interneer as wat hulle my interneer, want dit waaraan hulle gesê het dat ek my aan

21. *S.A.U.K.-T.V.-reeks: B.J. Vorster*, episode 2, 24 Januarie 1984.
22. Persoonlike onderhoud met skrywer, 7 November 1981.
23. *Ibid.*
24. Persoonlike onderhoud met skrywer, 13 September 1980.
25. Persoonlike onderhoud met skrywer, 7 November 1981.
26. *Ibid.*

> skuldig gemaak het, het elke Afrikaner hom daardie tyd aan skuldig gemaak. Maar ek was nou 'n doring in hulle vlees, omdat ek 'n jong leier was wat nie geskroom het om te sê waar ek staan nie en wat 'n redelike gevolg in Oos-Kaapland gehad het. Die ironie is die laaste paragraaf van my redes vir internering wat sê dat ek in my eie belang geïnterneer was. Hoe dit nou mogelik was, weet ek tot vandag toe nog nie."[27]

Mnr. Vorster het nie juis 'n wrok oor sy eie aanhouding gekoester nie en ook geen bitterheid gevoel nie — met die uitsondering van een polisie-offisier teen wie hy 'n wrok gekoester het. Daarom het mnr. Vorster hom by private geleenthede nooit gegroet nie.[28] By geleentheid het mnr. Vorster sy standpunt hieroor soos volg gestel: "Ek het nie werklik enige kwade gevoelens weens my aanhouding gekoester nie. Ek het die regering van die dag geopponeer, daardie regering het my as 'n bedreiging vir die gevestigde wet en orde beskou en gevolglik het hy my geneutraliseer. Hy het gedoen wat hy in daardie tyd nodig geag het ..."[29]

Dr. Koot Vorster, sy ouer broer, het dieselfde standpunt oor sy eie gevangenskap ingeneem: "Ek was glad nie verbitterd oor wat gebeur het nie. Ek het geweet waarmee ek besig was in die O.B. en het geweet dat die regering vroeër of later teen my sou optree, selfs al was die aanklag vals." Daarby het hy gevoeg: "Ons het destyds die bitter pil gesluk sonder om te kla. Ons het geweet wat met ons kon gebeur. Ons het die ding oop-oë binnegegaan. Nou ja, ons het ons stryd verloor — én ons kans — dus moes ons maar die gevolge dra. Dit is waarom ek geen bitterheid in my hart koester nie. Ons het die regering van die dag teengestaan; hy het ons as 'n bedreiging beskou en ons opgesluit. Ons het nooit sy reg om dit te doen, betwis nie."[30]

Mev. Tini Vorster het nooit aan die moontlikheid gedink dat mnr. Vorster in die moeilikheid sou beland nie: "Ek het geweet hy was by dinge betrokke, maar ek het nooit gedink dat dit tot internering sou lei nie. Ek het nooit kon dink dat die regering John se bedrywighede so ernstig sou opneem nie."[31] In 'n artikel het sy haar soos volg oor sy aanhouding uitgelaat. "My husband was detained at Koffiefontein because of suspicion about his anti-war stance ..."[32]

Luit. (later maj.) G.E. Diedericks was ten tyde van mnr. Vorster se aanhouding die bevelvoerende offisier van die veiligheidspolisie in Johannesburg. Hy was medeverantwoordelik vir John Vorster se internering. In 'n onderhoud het hy hom o.m. soos volg oor mnr. Vorster se arrestasie en internering uitgelaat: "Vorster was arrested purely and simply because he was an O.B. general ... I must reiterate that it was his position that got him interned, nothing more."[33] In 'n latere skrywe het maj. Diedericks daarby gevoeg: "I was phoned by my Headquarters in Pretoria, and they told me that on instructions of the Chief Control Officer, Sir Theodore Truter, Mr Vorster had to be arrested for internment. Actually I did not agree, as I pointed out to my Superior in Pretoria over the phone ... that my enquiries made amongst the senior officers of the Police at P.E., they all spoke highly of him, and that he had caused no trouble or incitement during the war years."[34] Veelseggende getuienis inderdaad.

Die Sondag net ná mnr. Vorster se arrestasie het hy uit sy polisiesel in Port

27. *Ibid.*
28. John D'Oliveira, *Vorster — die mens* (Johannesburg, 1977), p. 143.
29. D'Oliveira, *op. cit.*, p. 117.
30. D'Oliveira, *op. cit.*, pp. 47—48.
31. D'Oliveira, *op. cit.*, p. 49.
32. Edwin S. Munger (red.), *The Afrikaners* (Cape Town, 1979), p. 78.
33. *Sunday Times*, 28 Oktober 1979.
34. Skriftelike mededeling aan skrywer, 15 Februarie 1980.

Elizabeth 'n brief geskryf aan sy goeie vriend, adv. Japie de Vos, sekretaris van die Kaapse Beheerraad van die O.B. In die brief het hy onder meer soos volg geskryf:

"Teen die tyd dat my brief jou bereik, het jy bes moontlik al verneem dat ek deur die polisie onder die noodregulasies aangehou word en vertoef ek op die oomblik nog in die selle alhier. Wat verder met my gaan gebeur en wat presies my oortreding is, sal ek later seker hoor en dit help dus nie vir my om my kop te breek om te dink wat ek nou eintlik gedoen het wat so 'n stap regverdig nie. Terwyl 'n mens hier ingekerker is, het jy baie tyd om te dink en as daar vandag een ding is waarvan ek seker is en waaraan ek glo, dan is dit dit: dat ons saak reg is en dat die idee waarvoor die O.B. staan sal seëvier; en dit spyt my dus dat ek, vir 'n tyd dan miskien, nie saam met julle aan die stryd kan deelneem nie. Maar vir julle bid ek vir krag vir die taak wat voorlê, geloof in die toekoms van ons volk en die smaking van die uiteindelike oorwinning van 'n volk wat homself gevind het. Wat myself betref, ek sal altyd trag om getrou te staan in ons leuse: My God, my volk, my land S.A.!"[35]

Die dag toe mnr. Vorster na die interneringskamp vertrek het, 15 Desember 1942, het hy uit sy polisiesel in Port Elizabeth 'n afskeidswoord aan mnr. Basie Kritzinger, O.B.-hoofkmdt. in Kareedouw gerig. Hy skryf o.m.: "Net 'n woord van afskeid aan u en al u offisiere en brandwagte daar ek vanaand na die kamp vertrek. Baie dankie vir u opofferings en u samewerking. Ek sal u nooit vergeet nie. Mag dit met u almal baie goed gaan ... Ek gaan omdat ek Afrikaner is, maar geen Empire-kamp sal my van my koers afbring nie daarvan kan ek u verseker."[36]

'n Week na mnr. Vorster se arrestasie het adv. De Vos vir hom 'n brief geskryf en o.m. gemeld: "Ek begin skaam voel om te erken dat ek nog buite is. As hulle jou geneem het, waarom dan nie die hele O.B. nie? ... Met ons saak gaan dit verder baie goed. Is dit nodig om te sê dat ons sal probeer om so goed moontlik klaar te kom sonder een van ons beste Kaaplandse offisiere en intussen voortveg in dieselfde geloof in 'n groot saak en 'n groot leier."[37]

Ongeveer 'n maand na sy arrestasie het mnr. Vorster 'n brief, gedateer 21 Oktober 1942, van die kmdt.-genl. van die O.B., dr. Hans van Rensburg, ontvang, waarin laasgenoemde sy dank en respek betuig vir alles wat John Vorster vir die O.B. gedoen en opgeoffer het. "So trag hul om ons bestes een vir een te vat. Maar hul bereik net groter vasberadenheid en grimmigheid in ons geledere. Want ons voel dat die swart lys van die Empire die erelys van ons volk is. Na hierdie oorlog sal die gevangenes diegene wees wat die toon aangee en nie die mense wat vandag oor dood en lewe van Afrikaners wil beskik nie. Ek herhaal: ons mis u maar ons vergeet u nie."[38]

In sy latere politieke loopbaan was mnr. Vorster nooit skaam oor die feit dat hy geïnterneer is nie. Hy het dit ook nooit probeer verberg nie. Nog minder het hy daaroor verskoning gevra. Want hy het in daardie jare uit oortuiging gehandel in die politieke lig van destyds toe 'n verdeelde Afrikanerdom langs verskillende weë hul heil probeer uitwerk het. By hom was daar nog nooit enige twyfel dat wat hy gedoen of geglo het, reg was nie. En daarom het hy dan in later jare ook telkemale verklaar dat hy in dieselfde omstandighede weer so sou optree.

By geleentheid het mnr. Vorster hom soos volg hieroor uitgelaat: "Ek het agter die tralies beland omdat ek 'n Afrikaner was wat vir my regte geveg het. Ek is dankbaar dat ek die moed gehad het om so op te tree. In dieselfde omstandighede sal

35. Fotostatiese kopie in besit van skrywer.
36. *Ibid.*
37. *Ibid.*
38. J.P.C. Mostert: Die Vormingsjare en Vroeë Politieke Loopbaan van B.J. Vorster tot 1958 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.O.V.S., 1980), p. 60.

ek presies dieselfde doen, ongeag wat die gevolge ookal mag wees."[39] In 'n onderhoud met Donald Woods het mnr. Vorster verklaar: "If I had to live my life gain, I would do exactly the same again. I am quite satisfied that what I did was right. I was against the war, and I campaigned against it. I would do so again."[40]

Op 30 Maart 1960 het mnr. Vorster met groot nadruk in die Volksraad verklaar: "Laat my baie duidelik aan hom (die agb. lid vir Soutrivier, mnr. H.G. Lawrence) sê: Ek vra nie vir hom verskoning oor my verlede nie, nie vir 'n enkele sekond nie, en ek is ook nie skaam daaroor nie. Ek vra nie vir enige agb. lid verskoning vir my verlede nie. Wat ek gedoen het, het ek gedoen met 'n volle besef van my verantwoordelikheid. En ek sê dit aan die agb. lid dat in dieselfde omstandighede wat destyds geheers het ... ek presies net so sal handel soos ek destyds gehandel het as dieselfe omstandighede hulle voordoen." Daarby het mnr. Vorster gevoeg dat dit in daardie tye toe die V.P. aan die bewind was, baie makliker was om saam met die regering van die dag te staan as om teen hulle te staan.[41]

Nadat opposisielede persoonlike aanvalle op mnr. Vorster in verband met sy optrede in die oorlogsjare gemaak het, het hy op 21 April 1965 sy standpunt hieroor onomwonde gestel:

> "Maar laat ek nou aan die agb. lede baie duidelik sê waar hulle hierdie persoonlike aanvalle gemaak het met verwysing na my verlede, dat ek nog nooit, en ek is ook nie van plan om dit vanaand of te eniger tyd in die toekoms te doen nie, van my verlede weggehardloop het nie. Wat meer is, ek het dit ook nog nooit probeer verberg nie. My verlede wat dit betref is 'n ope boek vandat ek in die politiek gekom het en in hierdie Volksraad gekom het tot vandag toe. Daar is nie 'n enkele persoon wat nie die besonderhede daarvan weet nie. Laat ek aan die agb. lid ook dit sê dat ek nie skaam is oor my verlede nie. Laat ek ook aan hom sê, soos ek tevore gesê het, dat met die lig wat ek gehad het, as dieselfde omstandighede hom voordoen, hoop ek ek sal die genade ontvang om weer die moed van my oortuiging te hê. Ek herhaal net wat ek in hierdie selfde Raad by 'n vorige geleentheid gesê het. Maar ek wil dit baie duidelik stel dat terwyl ek nie skaam is vir my verlede nie, het agb. lede aan die oorkant baie om oor skaam te wees ..."[42]

Mnr. Vorster het sy lewenscredo treffend uiteengesit in 'n brief wat hy op 4 Julie 1943 uit die Koffiefonteinse kamp aan sy vrou geskryf het. Sy optrede gedurende die oorlogsjare kan daaraan gemeet word: "Niks in die lewe word verkry sonder opoffering nie. Maar as 'n mens se hart in die saak is, is dit soet om op te offer en hoe meer teenkanting 'n mens ondervind, hoe meer vasberade moet jy word om jou doel te bereik en jou ideale te verwesenlik. Die essensie van die menslike vryheid lê daarin dat jy jou roeping in die lewe suiwer aanvoel en onder alle omstandighede daardie roeping waardig en getrou is."[43]

39. *Sondagstem,* 3 April 1966; Jan Botha: *Verwoerd is Dead* (Cape Town, 1967), p. 175.
40. Daily Dispatch, 26 Junie 1973.
41. Debatte van die Volksraad, 30 Maart 1960, Kol. 4632–4633.
42. *Ibid.*, 21 April 1965, Kol. 4769.
43. Terblanche, *op. cit.*, pp. 213–214, 220.